CHRISTEN DEMOKRATIESE PARTY

www.cdp.org.za

HOOFKANTOOR: POSBUS 21642, VALHALLA, 0137
Tel/Faks: +27 012 6510608 Epos: headoffice@cdp.org.za

MANIFES VAN HOOP – 2019

INLEIDING

Gegewe die bedreiging van Kommunisme, Liberalisme en Globalisasie sowel as die diversiteit van die bevolking van Suid-Afrika, bied die Christen Demokratiese Party (CDP) aan u, die kieser, die volgende oplossings:

WIE IS ONS?

Die Christen Demokratiese Party (CDP) is ’n Christelike politieke party wat die Bybelse wêreldbeskouing en al die normes en waardes wat daarmee gepaard gaan, onderskryf.
Ons is verbind tot sterk, etiese en verantwoordelike regering.
Ons is die enigste ware multi-kulturele konserwatiewe party in Suid-Afrika wat die land se diverse bevolkingsamestelling erken en op ’n praktiese wyse akkommodeer.
Ons onderskryf verder ’n konfederale vorm van regering wat die reg tot selfbeskikking, soos vervat in Artikel 235 van die SA Grondwet, erken.
Ons onderskryf verder verantwoordbare kapitalisme met ’n sosialegewete.

HOEKOM VIR ONS STEM?

Die CDP streef daarna om anders te wees
Ons sal u en en u belange dien en nie ons eie persoonlike verryking nie.
Ons sal u voorstelle oor gesonde staatsbestuur deur middel van openbare deelname deurlopend akkommodeer.
Ons sal u van sterk etiese leierskap voorsien deur geskikte persone met integriteit in te span wat take suksesvol kan uitvoer.
Ons sal seker maak dat u oor die nodige vryheid beskik om u eie doelwitte en drome na te streef en te bereik.
U stem vir ons sal sonder twyfel ’n verskil maak.

WAT SAL ONS DOEN AS U ONS VERKIES?

Die grondkwessie

- Privaat eienaarskap met titelakte vir alle grondeienaars
- Samewerking met tradisionele leiers oor grondsake tot die voordeel van die mense
- Oordrag van grond in regeringsbesit wat tans nie aangewend word vir staatsgebruik nie

- Kompensasie vir grond wat onregverdig onteien is deur middel van ’n regverdige en billike stelsel wat behoorlik en regmatig bestuur word
- Plasing van toepaslike beperkings en/of kondisies/voorwaardes op grond wat deur buitelanders besit word.

Landbou

- Voedselsekerheid
- Bemagtig alle vlakke van die landbou insluitende kommersiële, opkomende en bestaansboerderye deur opleiding, mentorskappe en finansiële ondersteuning
- Dra titelaktes aan boere oor
- Beskerming van alle landbounywerhede teen buitelandse uitbuiting en die storting van gesubsidieerde produkte op die plaaslike mark

Onderwys

- Waarborg die reg op moedertaalonderwys
- Vrye toelating vir al ons kinders tot primêre en sekondêre onderwys deur middel van ’n koeponstelsel wat ’n keuse van openbare, privaat- of tuisonderig waarborg
- Meriete-gebaseerde beursstelsel vir tersiêre onderwys – gratis onderwys vir al diegene wat daarvoor kwalifiseer gebaseer op akademiese prestasie
- Bou van nuwe, en onderhoud van, bestaande infrastuktuur
- Begrens onbehoorlike inmenging deur vakunies wat negatief op die onderwysstelsel inpakteer

Ekonomie

- Belastingstelsel wat insentiewe vir groot ondernemings bied om in vennootskappe te tree met SMME's om daardeur ekonomiese groei en werkskepping te stimuleer
- ’n Onafhanklike Reserwe Bank met ’n duidelike mandaat om ekonomiese groei te skep en finansiële, geldeenheid, en inflasie stabiliteit te bewerkstellig
- Regverdigbare belasting betaalbaar deur alle burgers
- Privatisering as teenmaatreël vir nasionalisering.
- Verseker dat alle semi-staatsorganisasies finansieel selfonderhoudend is
- Effektiewe beheer oor nasionaal strategiese bates
- Dereguleerde raamwerk wat ekonomiese groei en werkskepping aan die hand werk
- Stel fabriekswese – en mynwese in staat om meer werk te skep en grondstowwe verder te verryk
- Ondersteun vryemarkbeginsels wat monopolistiese aktiwiteite teenwerk
- Regverdige balans van mag in arbeidsaangeleenthede
- Beginselbenadering tot buitelandse beleid wat buitelandse handelsooreenkomste tot voordeel van die RSA aangaan

Immigrasie en grensbeheer

- Grensbeheer deur effektiewe polisiëring om onwettige immigrasie te voorkom
- Vlugteling, anti-mensehandel en anti-dwelmbeheerstelsels bedryf deur toegewyde en kundige personeel
- Bevorder toerisme na die RSA deur ’n gebruikersvriendelike en effektiewe stelsel.

Maatskaplike en welsynsaangeleenthede

- Herroep die stappe wat ingestel is om ’n welsynstaat te skep
- Ontwikkel ’n ekonomiese omgewing om persone in staat te stel om hulle afhanklikheid van welsyn te verminder
- Ontwikkel effektiewe ontwikkelingsprogramme spesifiek ook vir die jeug
- Bevorder familiewaardes in ooreenstemming met Bybelse norme en beginsels

Plaaslike regering en dienslewering

- Bekostigbare dienslewering van ’n aanvaarbare standaard
- Privatiseer dienslewering waar toe pas lik
- Publieke deelname

Buitelandse beleid

- Buitelandse beleid wat primêr daarop gerig is om ’n spesifieke plaaslike waardesisteem te beskerm. Hierdie waardesisteem is uitsluitlik op Christelike waardes en norme baseer.
- Aanvaarde internasionale beginsels, standaarde gebaseer op gelykheid, regverdigheid en norme soos die”rule of law”.
- Nakom van internasionale verpligtinge en verdrae insluitende die algemeen aanvaarde beginsel van “pacta sunt servanda” (verdrae moet nagekom word).
- Betekenisvolle kriteria toegepas op RSA buitelandse verteenwoordiging. Dit behels dat RSA diplomatieke verteenwoordiging in die buiteland op ’n koste-effektiewe basis geskied en sodanige verteenwoordiging afgeskaal word wanneer en waar nodig ten einde goeie waarde vir geld te bied.

Gesondheid

- Bestuur, opgradering en instandhouding van mediese fasiliteite
- Vergemaklik die regulering van medisyne en mediese toerusting
- Moedig die ontwikkeling van gesondheidsprodukte aan deur patentebeskerming
- Openbare private venootskappe om ’n effektiewe gesondheidstelsel te ontwikkel wat bekostigbare toelating tot medisyne en mediese sorg vir almal verseker.

Regspleging en wetstoepassing

- Onafhanklike en bevoegde regbank
- Professionele polisiediens en vervolgingsgesag
- Voldoede fondse om die onafhanklikheid van hierdie instellings te verseker.